16.19 RAPPORT 12 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – VERENIGDE KONINKRYK (Artt 36, 37, 70, 71)

16.19 REPORT 12 – DEPUTIES ECUMENICITY – INTERNATIONAL – UNITED KINGDOM (Arts 36, 37, 70, 71)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 4.4 word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Point 4.4 referred to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Rev TF Dreyer (s) en Ds MA Modise
Deputies responsible for the desk: Rev TF Dreyer (c) and Rev MA Modise

1. Free Church of Scotland (FCS) Ekumeniese eenheid	**1. Free Church of Scotland (FCS)** Ecumenical unity
1.1 *Opdrag*	1.1 *Mandate*
1.1.1 Dat die GKSA sy ekumeniese eenheid met die FCS herbevestig.	1.1.1 The GKSA is to reconfirm its ecumenical unity with the FCS.
1.1.2 Dat hierdie eenheid onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar die geleentheid daarvoor homself voordoen.	1.1.2 This unity is to be maintained and promoted by means of visits by Deputies and practical cooperation whenever the opportunity presents itself.
1.1.3 Dat die opdrag om die betekenis van "kerklike eenheid" verder te bespreek om tot 'n vergelyk te kom, kontinueer.	1.1.3 The discussion on the meaning of "church unity" is to continue to reach consensus.
Vir kennisname	*To be noted*
1.2 *Uitvoering van opdrag*	1.2 *Execution of mandate*
1.2.1 Ds TF Dreyer kon tydens die FCS Sinodes van 2015 en 2017 met hierdie kerkverband kontak maak en groeteboodskappe namens die GKSA oordra.	1.2.1 Rev TF Dreyer was able to contact this denomination during the FCS Synods of 2015 and 2017 at which he conveyed the GKSA's greetings.
1.2.2 Gesprekke met die Voorsitter van hulle Deputate vir Ekumeniese Sake, Rev David Meredith, kon by beide hierdie geleenthede gevoer word veral rondom die betekenis van "kerklike eenheid". Alhoewel hulle ons beskou as een van die kerke met wie hulle Ekumeniese eenheid (Ecclesias-tical Fellowship/Fraternal relations in hulle beskrywing daarvan) het, is die wedersydse beroeping van predikante iets wat hulle nie hierby insluit nie. Hulle is egter besig met herbesinning oor hierdie praktyk. Hulle herbesin ook oor hulle praktyk of afgevaardigdes van die kerke met	1.2.2 Discussions with the Chair of their Deputies for Ecumenical Affairs, Rev David Meredith, were possible at both these events, especially in regard to the meaning of "church unity". Although they consider us one of the churches with which they have ecumenical unity (their term ecclesiastical fellowship/ fraternal relations), the mutual calling of ministers does not form part of such unity. They are, however, at present reconsidering this aspect. They are also investigating the greater participation, than merely a brief speaking turn to convey information) of delegates from churches with which

wie hulle eenheid het op beter maniere by hulle Sinodes te betrek as net 'n kort spreekbeurt om inligting oor te dra. Die feit dat ons lanklaas 'n afgevaardigde van hierdie kerke by ons Sinodes gehad is ook onder hulle aandag gebring en hulle het onderneem om iemand te stuur vir die 2018 Sinode.	they have unity at their Synods. It was brought to their attention that it has been quite some time since one of their delegates has attended our Synods and they undertook to send a representative to the 2018 Synod.
1.2.3 Aangesien ons baie in gemeen het met hierdie kerkverband in terme van hulle erns om by Skrif- en Belydenis-beginsels te bly en tog voortdurend te reformeer, kan dit van groot waarde wees vir die nuwe Deputate Kerkgroei om hulle strategiese plan vir kerkgroei en vernuwing onder oë te kry.	1.2.3 Since we have a great deal in common with this denomination, in terms of their intent of staying true to Scripture and Confession principles, but still continuously reform, it could be of great value for the next Deputies: Church Growth to review their strategic plan for church growth and renewal.
1.2.4 Informele samewerking met hierdie kerkverband vind plaas by Dumisani Teologiese Skool in die Oos-Londen area en Canada Water Church in Londen.	1.2.4 Informal cooperation with this denomination occurs at Dumisani Theological School in the East-London area and Canada Water Church in London.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.4 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.2.4 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	1.3 *Recommendations (instructions to the next Deputies)*
1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die FCS.	1.3.1 Note should be taken with gratitude of the existing ecumenical unity between the GKSA and FCS.
1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.	1.3.2 This unity is to be maintained and strengthened, by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at practical level.
1.3.3 Dat die opdrag om die betekenis van "kerklike eenheid" verder te bespreek om tot 'n vergelyk te kom, kontinueer.	1.3.3 The discussion on the meaning of "ecclesiastical unity", to reach a common understanding, is to continue.
Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.3 goedgekeur.	**Decision: Points 1.3.1 to 1.3.3 approved.**
2. Free Church of Scotland (Continuing) (FCS(C))	**2. Free Church of Scotland (Continuing) (FCS(C))**
Ekumeniese eenheid	Ecumenical Unity
2.1 *Opdrag*	2.1 *Mandate*
2.1.1 Dat die GKSA sy ekumeniese eenheid met die FCS(C), herbevestig.	2.1.1 The GKSA is to confirm its ecumenical unity with the FCS(C).
2.1.2 Dat hierdie eenheid onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar die geleentheid daarvoor homself voordoen.	2.1.2 This unity is to be maintained and strengthened, by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at practical level, whenever an opportunity presents itself.

Vir kennisname	*To be noted*
2.2 *Uitvoering van opdrag*	2.2 *Execution of mandate*
2.2.1 Ds TF Dreyer kon tydens die FCS(C) Sinode van 2017 met hierdie kerkverband kontak maak en groeteboodskappe namens die GKSA oordra.	2.2.1 Rev TF Dreyer made contact with this denomination during the FCS(C) Synod of 2017 and conveyed the GKSA's greetings.
2.2.2 Gesprekke met die Deputate vir Ekumeniese Eenheid kon by hierdie geleentheid gevoer word veral rondom die betekenis van "kerklike eenheid". Dieselfde situasie geld by hulle as by die FCS. Alhoewel hulle ons ook beskou as een van die kerke met wie hulle Ekumeniese eenheid (Ecclesiastical Fellowship/Fraternal relations) het, is die wedersydse beroeping van predikante iets wat hulle hierby insluit nie. In die gesprek het hulle egter ook genoem dat hulle graag meer sou wou hoor van ons praktyk om kerke met wie ons eenheid het deel te maak van die gesprekke tydens die Sinode eerder as om net 'n groeteboodskap oor te dra. Die feit dat ons lanklaas 'n afgevaardigde van hierdie kerke by ons Sinodes gehad is ook onder hulle aandag gebring en hulle het onderneem om iemand te stuur vir die 2018 Sinode.	2.2.2 Talks with the Deputies for Ecumenical Unity were held at this event, especially in regard to the meaning of "ecclesiastical unity". They share the same status as the FCS. Although they consider the GKSA as one of the churches with which they have Ecumenical unity (Ecclesiastical Fellowship/Fraternal relations), the mutual calling of ministers is not included herein. They did, however, mention that they would like to know more about our practice of making churches with which we have unity part of the talks during a Synod, rather than just conveying greetings. It was brought to their attention that it has been quite a while since we have had one of their delegates at our Synods and they undertook to send one to the 2018 Synod.
2.2.3 Informele samewerking met hierdie kerkverband het plaasgevind tydens dr HM Zwemstra se werk by Covenant College Zambië en vind steeds plaas ten opsigte van ds JP du P Aucamp se werk met Topiabediening in soverre sy bediening met die van Covenant College kontak maak.	2.2.3 Informal cooperation with this denomination occurred with dr HM Zwemstra's work at Covenant College Zambia and continues with Rev JP du P Aucamp's work with Topia ministry, in as far as his ministry stays in contact with Covenant College.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.2.3 noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
2.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	2.3 *Recommendations (instructions to the next Deputies)*
2.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die FCS(C).	2.3.1 Note should be taken with gratitude of the existing ecumenical unity between the GKSA and FCS(C).
2.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.	2.3.2 This unity is to be maintained and strengthened, by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at practical level.
2.3.3 Dat die Deputate die opdrag kry om	2.3.3 The discussion on the meaning of

die betekenis van “kerklike eenheid” verder te bespreek om tot ‘n vergelyk te kom.	“ecclesiastical unity”, to reach a common understanding, is to continue.
Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.3 goedgekeur.	**Decision: Points 2.3.1 to 2.3.3 approved.**
3. International Presbyterian Church (IPC) Ekumeniese bande	**3. International Presbyterian Church (IPC)** Ecumenical Ties
3.1 *Opdrag*	3.1 *Mandate*
3.1.1 Dat die Sinode kennis neem van die ontwikkeling van ons verhouding met die IPC.	3.1.1 The Synod is to take note of the development of the relationship with the IPC.
3.1.2 Dat die Sinode sy ekumeniese bande met die IPC handhaaf en aan die Deputate die opdrag gee om die verhoudings verder uit te bou met die moontlikheid van ekumeniese eenheid.	3.1.2 The Synod is to uphold its ecumenical ties with the IPC and instruct the Deputies to further strengthen relationships with the possibility of ecumenical unity.
3.1.3 Dat die Sinode kennis neem van die Deputate se versigtigheid rondom sekere kerkregtelike aspekte en dat die Deputate die opdrag kry om verdere gesprekke met die IPC hieroor te voer.	3.1.3 The Synod is to take note of the Deputies’ caution around certain canonical aspects and instruct the Deputies to hold further talks with the IPC in this regard.
Vir kennisname	*To be noted*
3.2 *Uitvoering van opdrag*	3.2 *Execution of mandate*
3.2.1 Dr PJ Buys kon tydens sy termyn as Voorsitter van die World Reformed Fellowship (WRF) met die moderator van die IPC kontak maak. Ds TF Dreyer kon tydens sy besoek aan Londen in 2017 opnuut met Rev Paul Levy van hierdie kerkverband en ds HK de Kock gesprekke voer.	3.2.1 Dr PJ Buys contacted the Moderator of the IPC during his term as Chair of the World Reformed Fellowship (WRF). Rev TF Dreyer was able to once again hold talks with Rev Paul Levy of this denomination and Rev HK de Kock during his visit to London in 2017.
3.2.2 Ons is opreg dankbaar vir die Gereformeerde getuienis wat hierdie kerkverband in Engeland, waar hierdie getuienis skaars is, uitdra. Daar is ook groei wat die Here gee op hulle arbeid.	3.2.2 We are sincerely grateful for the Reformed testimony of this denomination in England, where such testimony is rare. The Lord has also enabled growth in their labours.
3.2.3 Ons is opreg dankbaar vir die ondersteuning wat hierdie kerkverband gee aan Canada Water Church al is hulle nie formeel deel van die kerkverband nie.	3.2.3 We are sincerely grateful for the support this denomination provides to Canada Water Church, though they are not formally part of this denomination.
3.2.4 Die GKSA het kerkregtelike voorbehoude ten opsigte van die gebrek in onderskeid tussen die dienste van regeer- en leerouderlinge en die sterk Presbiteriaanse kerkregeringstelsel teenoor ons Gereformeerde of Presbiteriale kerkregeringstelsel. Uit gesprekke is dit duidelik dat daar ten opsigte van beide aspekte ‘n beweging nader aan ons beskouing	3.2.4 The GKSA has canonical reservations about the lack of distinction between the services of governing and teaching elders and the strong presbyterian church governance system as opposed to our reformed or presbyterial church govening system. Talks clearly showed a move closer to our belief in regard to both aspects and that they are in line with churches like the FCS and FCS(c)

by hulle plaasgevind het en dat hulle in lyn is met kerke soos die FCS en FCS(c), sowel die Presbyterian Church of America (PCA) met wie ons reeds eenheidsbande het.	as well as the Presbyterian Church of America (PCA), with which we already have unity ties.
3.2.5 Hierdie kerkverband bly na ons mening die beste opsie vir 'n tuiste vir Canada Water Kerk en ds HK de Kock.	3.2.5 We consider this denomination to be the best home for Canada Water and Rev HK de Kock.
3.2.6 In die lig van die verwikkelinge het ons die Deputate van die IPC uitgenooi om die Sinode van 2018 by te woon met die oog op finale gesprekke rondom ekumeniese eenheid.	3.2.6 In light of these developments we invited the Deputies of the IPC to attend the Synod of 2017 for final talks on ecumenical unity.
Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.6 kennis geneem.	**Decision: Points 3.1 to 3.2.6 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
3.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	3.3 *Recommendations (instructions to the next Deputies)*
3.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese bande tussen die GKSA en die IPC.	3.3.1 Note is to be taken with gratitude of the existing ecumenical ties between the GKSA and IPC.
3.3.2 Dat die bande onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.	3.3.2 These ties are to be maintained and strengthened, by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at practical level.
Besluit: Punte 3.3.1 en 3.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 3.3.1 and 3.3.2 approved.**
4. Londenbediening Ekumeniese eenheid	**4. London Ministry** Ecumenical Unity
4.1 *Opdrag*	4.1 *Mandate*
4.1.1 Dat die Sinode met dank kennis neem van die voortgaande bediening onder Suid-Afrikaners sowel as die bediening binne die gemeenskap waar hierdie kerke hulself bevind.	4.1.1 The Synod is to take note with gratitude of the continued ministry among South Africans as well as among the community in which these churches reside.
4.1.2 Dat die Sinode weer een kollekte per jaar goedkeur ter ondersteuning van die bediening in Londen en dat die Deputate in samewerking met GK Randburg toesien dat hierdie fondse ten beste vir daardie bediening bestee word.	4.1.2 The Synod is to again approve one collection per year for the support of this ministry in London and that the Deputies, in collaboration with GK Randburg, ensure that these funds are best applied to that ministry.
4.1.3 Dat die Deputate in samewerking met die GK Randburg adviserend betrokke bly by die verdere ontwikkeling van die kerklike bediening in Londen, veral wat die oorweging van moontlike inskakeling by die IPC betref.	4.1.3 The Deputies are, in cooperation with GK Randburg, to take an advisory role in the further development of the ministry in London, especially in terms of the possible joining with the IPC.
<u>*Vir kennisname*</u>	<u>*To be noted*</u>
4.2 *Uitvoering van opdrag*	4.2 *Execution of mandate*
4.2.1 Ds TF Dreyer kon in 2015 en in 2017	4.2.1 Rev TF Dreyer visited Rev HK de Kock

by ds HK de Kock en die gemeente in Londen (Canada Water Church) besoek aflê.	and the church in London (Canada Water Church - CWC) in 2015 and in 2017.
4.2.2 Dit is met dankbaarheid dat ons getuig dat dit goed gaan met die gemeente. Daar is voortdurende groei in getalle, maar ook baie duidelike geestelike groei wat waarneembaar is in die jongmense (tussen die ouderdom van 25 en 35 jaar, wat 75% van die gemeente uitmaak) se bereidheid om te dien. Nog 'n groeipunt is hulle getuienis in die gemeenskap en die positiewe rapport wat hulle in die Canada Water gemeenskap het. Hulle kom tans in die ouditorium van die nuwe Biblioteek bymekaar, reg by die Canada Water-moltreinstasie. Dis 'n baie sentrale en sigbare bymekaarkomplek wat hulle help om mense te bereik en bekend te raak in die gemeenskap.	4.2.2 We report with gratitude that all is well with the congregation. Growth in numbers is continuous, but spiritual growth is also clearly observable in the willingness of the youth (between the ages of 25 and 35 that make up 75% of the congregation) to serve. Further evidence of growth is their testimony in the community and the positive rapport they have in the Canada Water community. They gather at present in the auditorium of the new library, right at the Canada Water tube station. It is a hugely central and visible gathering complex helping them to reach people and become known in the community.
4.2.3 Die getal Suid-Afrikaners in Engeland en spesifiek in Londen het soos voorspel, baie afgeneem. 'n Beduidende deel van die gemeente is egter steeds Suid-Afrikaners (byna 20% van die lidmate). Die omstandighede in Suid-Afrika sorg voortdurend vir jongmense wat groener weivelde in Engeland en spesifiek Londen gaan soek, alhoewel dit nie meer so gereeld soos in die verlede is nie. CWC kry ook gereeld Suid-Afrikaners wat vir kontrakwerk (6 maande tot 2 jaar) na Londen kom en dan by hulle inskakel. Daar is ook 'n toenemende getal tweede generasie Suid-Afrikaners wat aanklank vind by die gemeente wanneer hulle in Londen kom studeer. Canada Water is 'n omgewing in sentraal Londen wat 'n hele aantal tersiêre instellings huisves en wat geoormerk is vir geweldige verdere ontwikkeling. Daar word tans beoog om die populasie hier te verdubbel deur 'n hele paar wolkekrabbers op te rig.	4.2.3 The number of South Africans in England and specifically in London has declined significantly, as predicted, but a significant part of the congregation remains South Afrikan (almost 20% of membership). Conditions in South Africa ensure a continuous flow of young people seeking greener pastures in England and specifically London, although not quite as much as in the past. CWC also has a regular influx of South Africans coming to London on contract work (6 months to 2 years). CWC also attracts an increased number of second-generation South Africans completing studies in London. CWC is located in central London with a number of tertiary institutions and is earmarked for significant further development. The intent is to double the population by erected quite a few skyscrapers.
4.2.4 Die voorsienigheid van die Here is duidelik sigbaar in die area waarin Canada Water Church haarself bevind. Ds de Kock sal tydens die Sinode meer inligting hieroor gee.	4.2.4 The providence of the Lord can clearly be seen in the area where CWC is located. Rev de Kock will provide further information in this regard during the Synod.

4.2.5 Die gemiddelde bywoning van 'n Sondagoggend-erediens is in die omgewing van 100-120 mense wat die gemiddelde erediensbywoning in Engeland met 60-80 mense oorskry.	4.2.5 The average attendance of a Sunday morning service is about 100-120 people that exceeds the average church attedance in England with 60-80 people.
4.2.6 Ons is ook dankbaar oor die duidelike trajek van groei ten opsigte van inkomste waarop die gemeente is. Die gemiddelde koste van hierdie bediening vir GK Randburg het gedaal van R160 000 per jaar tot R120 000 per jaar. Daar word dus nie enigsins meer oorbetalings gemaak vanuit Suid-Afrika vir hierdie bediening nie. Al koste wat oorbly is basies ds de Kock se pensioen-bydrae en 'n klein behuisingstoelaag. As alles volgens plan verloop sal dit binne die volgende 3 jaar deur die gemeente in Londen gedra kan word.	4.2.6 We are also grateful for the clear trajectory of growth in terms of income of the congregation. The average cost of this ministry for the GK Randburg has reduced from R160 000 per annum to R120 000 per annum. No additional transfers are, therefore, made from South Africa for this ministry. The only costs that remain are Rev de Kock's pension contribution and a small housing allowance. If all goes to plan, the congregation in London will be able to shoulder this within the next 3 years.
4.2.7 Ons enigste besorgdheid bly die inskakeling van die gemeente by 'n plaaslike kerkverband vir genoeg-same verantwoordbaarheid. Die jeug-digheid van die gemeente tesame met die feit dat mense hulleself nie normaalweg vir 'n lang tyd in sentraal Londen vestig nie, maak dit veral moeilik om ouderlinge te kry wat vir 'n voldoende tyd kan dien. In hierdie opsig het Canada Water-kerk dieselfde uitdaging as 'n studente gemeente. GK Randburg se toesig was tot op hede belangrik maar dit bly 'n uitdaging om van so 'n afstand af sinvol betrokke te wees. Pogings om die gemeente sinvol by Klassis Johannesburg in te skakel was ook onsuksesvol. In die lig van die positiewe ontwikkelinge in ons verhouding met die IPC is ons van mening dat dit die beste opsie bly vir die gemeente om deel te word van hierdie kerkverband.	4.2.7 Our only concern is the congregation collaborating with a local denomination to enable adequate accountability. The youthfulness of the congregation together with the fact that people don't usually remain in central London for long makes it especially difficult to find elders who can serve for an adequate period of time. It is the same challenge a student congregation would face. The supervision of GK Randburg has been important to date, but its rather challenging to be involved at such a distance. Attempts to link the congregation with Classis Johan-nesburg was also unsuccessful. In light of the positive developments in our relationship with the IPC, we are of the opinion that the best option would be for CWC to become part of this denomination.
Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.7 kennis geneem.	**Decision: Points 4.1 to 4.2.7 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
4.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	4.3 *Recommendations (instructions to the next Deputies)*
4.3.1 Dat die Sinode met dank kennis neem van die voorgaande bediening onder Suid-Afrikaners sowel as die bediening binne die gemeenskap waar hierdie gemeente hulle self bevind.	4.3.1 The Synod is to take note with gratitude of the continued ministry among South Africans as well as within the community where the church is located.

4.3.2 Dat die Deputate in samewerking met die GK Randburg vir Canada Water-gemeente begelei in hulle inskakeling by plaaslike kerkverband.	4.3.2 The Deputies, in collaboration with GK Randburg, guide CWC in joinint a local denomination.
Besluit: Punte 4.3.1 en 4.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 4.3.1 and 4.3.2 approved.**
4.4 *Finansiële implikasies* Die versoek is dat die Sinode vir 'n laaste keer 'n kollekte goedkeur ter ondersteuning van die bediening in Londen en dat die Deputate in samewerking met GK Randburg toesien dat hierdie fondse ten beste vir daardie bediening bestee word.	4.4 *Financial implications* It is requested that the Synod approve for the last time a collection in support of the ministry in London and that the Deputies, in collaboration with GK Randburg, ensure that these funds are spent to best serve this ministry.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
5. The Evangelical Presbyterian Church of England and Wales (EPCEW) Ekumeniese kontak	**5. The Evangelical Presbyterian Church of England and Wales (EPCEW)** Ecumenical Contact
5.1 *Opdrag* Dat die Sinode kennis neem van die ekumeniese kontak wat daar met die EPCEW gemaak is en dat die Sinode aan die Deputate die opdrag gee om verdere ondersoek te doen met die oog op ekumeniese bande en moontlike eenheid met die EPCEW.	5.1 *Mandate* The Synod is to take note of the ecumenical contact made with the EPCEW and for the Deputies to further investigate ecumenical ties and possible unity with the EPCEW.
Vir kennisname	*To be noted*
5.2 *Uitvoering van opdrag*	5.2 *Execution of mandate*
5.2.1 Ds TF Dreyer kon tydens sy besoek aan Engeland in 2015 met hierdie kerkverband kontak maak. Ds HK de Kock kon ook in 2015 en 2016 by hierdie kerkverband se Sinode groeteboodskappe namens die GKSA oordra.	5.2.1 Rev TF Dreyer contact this denomination during his visit to England in 2015. Rev HK de Kock furthermore conveyed the Synod's greets to this denomination in 2015 en 2016.
5.2.2 Die EPCEW is 'n baie klein kerk-verband met 13 gemeentes in Engeland en Wallis tesame asook 2 gemeentes in Swede wat onlangs by hulle aangesluit het. Hulle beperkte hulpbronne (menslike en finansieel) maak dit vir hulle moeilik om regtig noemenswaardige ekumeniese ver-houdings aan te gaan met buite-landse kerke, maar hulle waardeer ons belangstelling.	5.2.2 The EPCEW is really small denomination of 13 congregations in England and Wales together with 2 congregations in Sweden thar regently joined them. Their resources (both human and financial) are limited, which makes it difficult to engage in truly worthile ecumenical relationships with international churches and yet they appreciate our interest.
5.2.3 Ons kon ook oor die afgelope 3 jaar lidmate wat uit SA na Engeland en Wallis verhuis het in kontak bring met kerke van die EPCEW.	5.2.3 We also facilitated contact between members moving from South Africa to England and Wales with EPCEW churches the past three years.
Besluit: Punte 5.1 tot 5.2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 5.1 to 5.2.3 noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
5.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	5.3 *Recommendations (Instructions to the next Deputies)*

5.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese kontak tussen die GKSA en die EPCEW.	5.3.1 Note is to be taken with gratitude of the ecumentical contact between the GKSA and EPCEW.
5.3.2 Dat die kontak onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.	5.3.2 Contact is to be maintained and strengthened, by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at practical level.
Besluit: Punte 5.3.1 en 5.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 5.3.1 and 5.3.2 approved.**

E. **Groeteboodskap ds D Fraser van die Free Church of Scotland (Continuing) (FCS(C))**

Ds D Fraser dra die groete van die FCS(C) aan die vergadering oor waarna, ds TF Dreyer, ‘n dankwoord aan hom rig, hom in gebed aan die Here opdra en hulle ‘n voorspoedige vlug toewens.

Greeting Rev D Fraser from the Free Church of Scotland (Continuing) (FCS(C))

Rev D Fraser delivers the greeting from the FCS(C) to the meeting after which Rev TF Dreyer directs a word of thanks at him, entrusts him to the Lord in prayer, and wishes them a safe journey home.

F. **Groeteboodskap ds HK de Kock van die Londenbediening**

Ds HK de Kock dra die groete van die Londenbediening aan die vergadering oor waarna ds TF Dreyer ‘n dankwoord aan hom rig, hom in gebed aan die Here opdra en hom ‘n voorspoedige vlug toewens.

Greeting Rev HK de Kock from the Londen-ministry

Rev HK de Kock delivers the greeting from the Londen-ministry to the meeting after which Rev TF Dreyer directs a word of thanks to him, entrusts him to the Lord in prayer, and wishes him a safe journey home.